



Die gelukkigste dag: Maar ont-hou om vroeg al te beplan hoe jul testamente gaan werk.
| FOTO: ISTOCK

Deel jou erfgoed soos jy wil

Testament, lewende annuïteit keer dat trustees dalk knoei

Die oorsaak vir hierdie probleem lê vevat in art. 37C(1)(a) van die pensioenfondswet (Wet 24 van 1956). As die fonds binne 12 maande ná die sterfte van 'n lid (van die fonds) bewus raak van, of iemand opspoor, wat 'n afhanklike is van die lid, moet die fonds die voordeel uitbetaal aan daardie afhanklike, of as daar meer as een afhanklike is, dan proporsioneel aan daardie afhanklikes uitbetaal soos die fonds "billikheidshalwe" ag.

Anders gestel, die trustees van jou pensioenfonds of UA het die finale sê oor wie bevoordeel gaan word uit die fonds.

Jy kan 'n begunstigde benoem, maar die trustees sal uiteindelik bepaal wie kry die geld.

Nou, op die oog af, glo ek, wil elkeen van ons uiteraard voorsien dat ons afhanklikes versorg is en ons sal nie 'n probleem hê met die wet soos hy lees nie.

Die probleem is die hóé. En wie besluit. Ek wil liever self besluit. Dit is my afhanklikes en dit is my geld.

Soos in die voorbeeld uit ons regte wêreld, wat ek hierbo aanhaal, of my voorstel aan die vrou wat vir haar bejaarde ma wil voorsiening maak, waaroor ek

verlede Sondag geskryf het.

Hier's wat jy kan doen

So, kom ons kyk wat kan gedoen word om hierdie beperkende wetsartikel.

Jou testament: Jy kan oorweeg om 'n klousule in jou testament in te bring wat 'n voorwaarde plaas op die bemaking van ander bates aan 'n afhanklike. Die voorwaarde sal wees dat hy of sy slegs die testamentêre bemaking kan kry as hy of sy afstand gedoen het van enige reg op jou pensioengeld (of UA).

So iets sou die probleem hierbo heeltemal uit die weg geruim het. Die man se lewensmaat sou dan kon kies, óf hy kry die pensioengeld wat die trustees aan hom toeken óf die ander bates wat aan hom bemaak is. Nie albei nie. En die ma kon dan haar regmatige deel kry.

Doen iets soortgelyk met polisse wat jy direk begunstig het aan 'n afhanklike.

Laat die polis liever uitkeer aan jou boedel en bring dan die bemakingsklousule met die voorwaarde wat ek hierbo voorstel aan in jou testament.

Dit sal keer dat die erfgenaam sowel die polisopbrengs as jou pensioen- of UA-

geld kry en ander erfgename dalk bedroë toekyk.

Dit is vir my die sekerste manier.

'n Lewende annuïteit: As jy reeds 'n stewige neseier in byvoorbeeld 'n UA het (met 'n pensioenfonds gaan dit nie werk terwyl jy nog werk en lid van die fonds is nie) en jy is oor 55 jaar oud kan jy oorweeg om uit te tree uit die UA en 'n lewende annuïteit te koop. Ek het dit al aan 'n kliënt voorgestel.

Hy onttrek nou die minimum van 2,5% per jaar, maar hy het die gemoedsrus dat hy die waarde van die lewende annuïteit kan begunstig aan wie hy wil; sonder dat trustees van 'n fonds wat niks van sy beplanning af weet nie daar sal inmeng.

En die 2,5% per jaar kan hy weer belê en boonop 'n belastingaftrekking geniet as hy dit in 'n UA belê.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**